Voorskrif op Voorskrif

# *Handelinge*

## Deel 1

### Jesus se Getuies Bemagtig deur sy Gees (Hoofstuk 1-12)

VOORSKRIF OP VOORSKRIF

# Handelinge Deel 1
## Jesus se Getuies Bemagtig deur SY Gees

© 2015 Precept Ministries International, Chattanooga, Tennessee U.S.A. ALL RIGHTS RESERVED.
This work is a translation from the original English language edition of Acts Part 1 - Jesus' Witnesses, Empowered by His Spirit authored by Kay Arthur. © 2013 Precept Ministries, International, Chattanooga, Tennessee U.S.A.
ALL RIGHTS RESERVED. Used by permission.

© 2010Precept Ministries International, Chattanooga, Tennessee U.S.A. ALLE REGTE VOORBEHOU. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel. ALLE REGTE VOORBEHOU. Gebruik met toestemming.

Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1933, 1953

1ste Uitgawe (130)
Gedruk in Suid-Afrika
Maart 2016

**PRECEPT MINISTRIES (SA)**
**Posbus 539**
**Howard Place**
**7450**
**SUID-AFRIKA**
**www.precept.org.za**
**Tel./Faks +27 (021) 531-1836**

Gedruk deur Bevan Groep, Strand

# INHOUD

| BLADSY | LESSE |
|---|---|
| 1 | LES EEN: **Handelinge 1** |
| 21 | LES TWEE: **Handelinge 2** |
| 41 | LES DRIE: **Handelinge 3:1 – 4:31** |
| 53 | LES VIER: **Handelinge 4:32 – 5:42** |
| 67 | LES VYF: **Handelinge 6 – 7** |
| 85 | LES SES: **Handelinge 8** |
| 101 | LES SEWE: **Handelinge 9** |
| 111 | LES AGT: **Handelinge 10 – 12** |
| | **BYLAE** |
| 125 | **Handelinge Waarnemingswerksblaaie** |
| 173 | **Handelinge Oorsigwerkblad** |
| 175 | **Kaart van Israel** |
| 177 | **Kaart van Jerusalem** |
| 179 | **Wat Handelinge Oor die Gees van God Leer** |
| 182 | **Die Feeste van Israel** |
| 185 | **Die Tempelkompleks** |
| 187 | **In die Naam van Jesus Christus** |
| 189 | **Die Romeinse Wêreld in die Tyd van Handelinge** |

© 2016 Precept Ministries International 

### NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID EN DE LACEY, PETE
**The New How to Study Your Bible**
*Eugene, Oregon, Harvest House Publishers, 2010*

**The New Inductive Bible**
*Eugene, Oregon, Harvest House Publishers, 2000*

**Griekse Woordstudiehulpmiddels**

### NUTTIGE KOMMENTARE

LONGMAN III, TREMPER; GARLAND, DAVID E., (reds.)
**The Expositor's Bible Commentary, Volume 10, Luke-Acts, Revised Edition**
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishers, 2007*

WALVOORT, JOHN F. EN ZUCK, ROY B. (reds.)
**The Bible Knowledge Commentary: The New Testament**
*Chicago, Illinois: Moody Publishers, 1983–c1985*

POLHILL, JOHN B.
**The New American Commentary, Vol. 26, Acts**
*Nashville, Tennessee: B&H Publishing Group. 1997*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

**Logos Bybelsagteware**

Kragtige soekenjins met tot 4,000 elektroniese studiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse ensiklopedieë, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding–ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse teks. Beskikbaar by www.logos.com.

© 2016 Precept Ministries International 

Precept Ministries SA
Posbus 539
Howard Place, 7450, Suid-Afrika



## Les Een

## Hoofstuk 1

Hierdie Les Sluit In

Die volgende, in die Bylae:
- Waarnemingswerkblaaie van Handelinge 1
- Handelinge Oorsigwerkblad
- Kaart van Israel
- Kaart van Jerusalem

Woordstudies
Kruisverwysings

**KRAG**

**Krag om te wees wat God wil hê jy moet wees!**
**Krag om te doen wat God wil hê jy moet doen!**
**Dit is vir jou om te glo!**

**Terwyl ons hierdie induktiewe Precept-kursus oor die boek Handelinge voorberei, blyk dit "dié uur" te wees – die tyd om by die apostels te leer wat dit beteken om getuies, navolgers van Christus, te wees te midde van 'n "krom en verdraaide geslag."**

**As jy bewus is van wat tussen die nasies aan die gebeur is, kan jy die toenemende konflik tussen die duisternis en die lig aanvoel. En as jy die volle raad van God ken, behoort jy intens bewus te wees van die feit dat die dag van die Here naby is. Indien daar ooit 'n behoefte aan die verstaan en uitvoer van die wil van God was, is dit nou!**

**Mag jy deur hierdie studie self ontdek wat dit beteken om 'n getroue getuie selfs tot aan die uiterste van die aarde te wees. En mag jy Hom hoor sê: "Mooi so!"**

### Dag Een

Die geheim van die korrekte hantering van God se Woord is waarneming, waarneming en nogmaals waarneming – om aan sy lippe te hang en elke God-geïnspireerde woord te absorbeer. Aan die einde van sy evangelie skryf Lukas: "Toe open Hy hulle [die elf apostels en dié wat saam met hulle was] verstand om die Skrifte te verstaan" (Lukas 24:45). Laat dit ook jou gebed wees wanneer jy met hierdie studie begin.

© 2016 Precept Ministries International

## *Handelinge Deel 1*

***Les 1, Hoofstuk 1***

1. Vir die boek om te ontvou, gaan ons dit hoofstuk vir hoofstuk bestudeer, aangesien Handelinge 'n historiese verslag is. Dit is ons gebed dat, as jy dit só doen, jy jou in die verhaal sal begin inleef en dat jy gretig en honger sal wees om te weet wat in die lewens van hulle oor wie die storie handel, gebeur – en dat jy sal begeer **dat dít wat in hulle begin is, in jou voortgesit sal word!**

2. In die Bylae tot hierdie werkboek sal jy **Waarnemingswerkblaaie** van die eerste twaalf hoofstukke van Handelinge vind. Dit is presies wat hulle is – werkblaaie vir die waarneming en merk van die teks, om jou te help om te ontdek presies wat God, hoofstuk vir hoofstuk, in Handelinge sê, dit wil sê, inligting wat Hy wil hê jy moet ken en verstaan sodat jy daarvolgens kan leef.

3. Lees deur Handelinge 1 en merk die woorde/verwysings wat hieronder volg. Gebruik vir elkeen 'n kenmerkende kleur, kombinasie van kleure en/of 'n gekleurde simbool. Met hierdie doel voor oë sal dit nuttig wees om 'n **sleutelwoord-bladwyser** te maak. Lys die volgende woorde en merk hulle soos jy beoog om hulle dwarsdeur Handelinge te merk. Jy kan dit op die blanko kant van die kaartjie op die omslag van jou werkboek maak. Op die ander sy van die kaartjie verskyn daar voorstelle vir die merk van 'n paar woorde wat dikwels in die Bybel gebruik word. Ons het woorde uit daardie lys hieronder met 'n sterretjie aangedui.

   a. *Jesus*★
   b. die *Heilige Gees*★
   c. *Petrus*, die *apostels* (Merk hulle op dieselfde manier.)
   d. *gedoop*
   e. geografiese plekke,★ soos *Jerusalem* of die *bokamer.* Identifiseer hierdie plekke op die **Kaart van Israel** en die **Kaart van Jerusalem** in die Bylae.
   f. verwysings na "wanneer", soos *toe*, *wanneer*, *nadat*, *terwyl*, *daarop*, *in dié dae*, *op dié dag.*

4. Benewens die naam van die menslike skrywer van Handelinge, wat nie in Handelinge 1 aan ons bekend gemaak word nie, en Theófilus, aan wie hy skryf, het jy ook die hoofkarakters wat in Handelinge1 genoem word, gemerk. Wat is die doel van hierdie merke, behalwe dat jy nou 'n pragtige, veelkleurige bladsy het? Jy wil weet wat God jou oor hierdie karakters leer. Gebruik die tabel aan die einde van die les om die *belangrikste* dinge wat die teks jou oor die karakters wat jy gemerk het leer, te lys.

   Dit sal tyd neem, maar onthou om elke woord van God in te neem. Jesus sê in Matthéüs 4:4 dat dit die brood is waarvan ons leef. Ons belowe dat jy geestelike dividende sal verdien as jy dít wat jy leer, ter harte neem.


© 2016 Precept Ministries International

5. Skryf die tema, die hoofgebeurtenis(se) in hoofstuk 1, op die Handelinge Oorsigwerkblad in die Bylae. Hierdie tabel is 'n wonderlike manier om die hoofmomente van die boek op te som. Ons sal die tabel gaandeweg voltooi, namate ons deur Handelinge vorder.

*Is jy nie verstom oor alles wat jy self ontdek het slegs deur die teks waar te neem nie? Koester dié waarhede . . . dink daaroor na . . . praat met die Vader daaroor. Dank Hom vir sy Woord, want hierdie Woord, geliefde, is die waarheid. Waarheid wat jou heilig; jou afsonder, jou meer en meer aan Jesus gelykvormig maak en jou van die Bose bewaar (Johannes 17:14-18). En ons het skaars begin!*

## Dag Twee en Dag Drie

1. Ons gaan voort deur op Handelinge 1:1-5 te fokus. Op hierdie stadium identifiseer die outeur homself nie by name nie, maar lyk dit asof Theóphilus weet wie hy is.
   a. Waardeur word geïmpliseer dat hy aan Theóphilus bekend is?

   b. Die Skrif is die beste interpreteerder van die Skrif en aangesien alles God se Woord is, sal die Skrif ook nooit die Skrif weerspreek nie. Theóphilus word op slegs een ander plek in die Nuwe Testament genoem. Slaan Lukas 1:1-4 na en skryf hieronder wat jy uit die teks omtrent hom leer en wat die verband tussen Lukas en Handelinge is.

   c. Wat leer jy dus oor die skrywe van Handelinge – slegs uit die lees van die eerste hoofstuk? Wat is die outeur in hierdie stadium oënskynlik besig om te doen?

2. Dit is deur tradisie vasgelê dat Lukas nie alleen die outeur is van die evangelie wat sy naam dra nie, maar ook van Handelinge. Dié sienswyse is maklik verstaanbaar as 'n mens die inleidings van Lukas en Handelinge met mekaar vergelyk, soos ons in nommer 1 gedoen het.

*© 2016 Precept Ministries International*

Lukas word slegs in die volgende verse van die Nuwe Testament genoem; almal geskryf deur die apostel Paulus. Slaan hulle na en skryf neer wat jy uit elke verwysing omtrent Lukas leer.

a. Kolossense 4:14

b. 2 Timótheüs 4:11

c. Filémon vers 24

3. Laat ons nou hersien wat jy geleer het toe jy die lys oor Jesus uit Handelinge 1:1-5 gemaak het. Beantwoord die volgende vrae. Alhoewel sommige vrae oorbodig mag voorkom, wil ons seker maak dat jy niks miskyk nie.

   a. Wat het ná Jesus se lyde—sy kruisiging—gebeur?

   b. Noem Jesus se instruksies aan die apostels.

   c. Wat moes gebeur en wanneer?


© 2016 Precept Ministries International

4. Oor watter belofte van die Vader het Jesus gepraat? Ons sal met Lukas begin en dan voortgaan na die evangelie van Johannes om Jesus se lering oor die Heilige Gees op te volg. Slaan die volgende Skrifgedeeltes na en skryf neer wat jy uit elkeen leer. Moenie 'n enkele detail miskyk nie!

   a. Lukas 24:44-53

   b. Lukas 3:15-17

   c. Johannes 7:37-39

   d. Johannes 14:1-3, 16-17, 26

*© 2016 Precept Ministries International*

e. Johannes 15:26-27

f. Johannes 16:7-14

5. Som nou op wat jy uit hierdie Skrifgedeeltes omtrent die Heilige Gees geleer het. Jy kan dit puntsgewys doen. Skryf die teksverwysings by elke punt wat jy noem.


© 2016 Precept Ministries International

6. Indien jy toegang tot Griekse woordstudie-hulpmiddels het, slaan die Griekse woord wat as *gedoop* vertaal word (vers 5), na en stel vas wat jy omtrent hierdie werkwoord, insluitende die tyd en vorm daarvan, leer. Terloops, die Griekse voorsetsel wat as *met* vertaal word, kan met *in* of *deur* vervang word. Raadpleeg die hoofstuk "How to Use Word Study Tools" in *How to Study Your Bible* vir hulp met woordstudies. Vir inligting oor die tyd en vorm van Griekse werkwoorde, kan jy die afdeling met die titel "How to Discover Tense, Voice and Mood" raadpleeg.

7. Ons gaan nou voort na Handelinge 1:6-11. Watter gebeure word in hierdie paragraaf behandel?

8. Het jy die woord *koninkryk* raakgesien? Die *koninkryk* word agt keer in Handelinge genoem, twee daarvan in hoofstuk 1.

   a. Wat leer jy uit Handelinge 1:1-11 omtrent die koninkryk?

*© 2016 Precept Ministries International*

b. Raadpleeg Lukas 22:28-30. Hoe hou dit verband met Handelinge 1:6, waar die dissipels aan Jesus vra of Hy in daardie tyd weer die koninkryk sou oprig?

*Jy kan verstaan waarom hulle dit wou weet, nie waar nie?*

c. Nog een laaste vers oor die koninkryk sodat jy sal weet watter gebeurtenis Jesus se heerskappy op aarde sal inlui. Lees Matthéüs 25:31. Met watter vers in Handelinge 1 stem dit ooreen?

9. Wat gebeur tussen Jesus se hemelvaart en sy wederkoms na die aarde? Wat leer jy uit Handelinge 1:8? Moenie die *wie*, die *wanneer*, die *waar* die *wat*—en die *hoe* miskyk nie.

*Ons sal Handelinge 1:6-11 môre in meer diepte bestudeer.*

## Dag Vier

1. Begin met gebed en lees daarna weer deur Handelinge 1:1-11. (Dit is goed om hardop te lees.) Beantwoord die volgende vrae ter hersiening:

a. Waarom moes hulle nie van Jerusalem af weggaan nie?

b. Wat sou hulle ontvang?

c. Wat sou gebeur? Wat sou dié tyd aandui?


© 2016 Precept Ministries International

d. Hoe sou dit gebeur?

e. Wat sou hulle word?

f. Waar?

2. Alhoewel "krag" en "getuies" uitstekende vertalings van die Griekse selfstandige naamwoorde is (die Nuwe Testament is geskryf in Koine Grieks – die algemene gebruikstaal gedurende die Romeinse tyd), is dit nogtans interessant om die Griekse vertaling van hierdie spesifieke woorde te bestudeer. Slaan die volgende woorde en hul definisies na. As jy nie woordstudie-hulpmiddels[1] het nie, kyk of die kommentare nie die Griekse woorde vir "krag" en "getuies" aandui, en op die betekenis daarvan uitbrei nie.

   a. krag

   b. getuies

1 Jy kan oor Griekse woordstudies leer in die *The New How to Study Your Bible*, wat beskikbaar is by www.precept.org.za of deur ons te skakel by +27(0)21-531-1836.

© 2016 Precept Ministries International

3. Laat ons nou terugblaai na die laaste woorde van Lukas in die evangelie wat hy vir Theófilus geskryf het. Lees Lukas 24:45-49 weer 'n keer en wees op die uitkyk vir die woorde *getuies*, *belofte* en *krag*. Wat lees jy wat parallel loop met Handelinge 1?

4. "Tot aan die uiterste van die aarde" – stop en dink hieroor na. Wat leer hierdie uitspraak jou oor die hart van God en redding deur opregte geloof in Jesus Christus? Slaan die volgende verse na en oordink hulle – moenie bloot lees nie, dínk, geliefde. Wat leer dit jou omtrent die omvang van die getuienis?

   a. Jesaja 49:6

   b. Matthéüs 28:16-20

   c. Openbaring 5:6-10 (Lees ook vers 14 aan die einde van die hoofstuk). Sal die uiterste van die aarde bereik word? Hoe kan jy dit uit hierdie verse weet?

*Wat sal jou rol hierin wees, geliefde? Jy sal die antwoord op hierdie vraag sekerlik vind namate jy self die waarheid van Handelinge ontdek en saam met ander dieper daarin delf.*


© 2016 Precept Ministries International

5. Mag ons voorstel dat jy Handelinge 1:8 elke dag drie maal hardop lees totdat jy dit gememoriseer het. Waar moet die apostels as getuies optree? Lys jou insigte hieronder. Kyk of jy dit uit jou kop uit kan doen.

6. Nou kom Handelinge 1:9-11 aan die beurt. Ons sal met vers 6 begin om seker te maak dat jy die konteks verstaan. Lees vers 6-11 hardop en beantwoord die volgende vrae:

   a. Noem die volgorde van gebeure in vers 9.

   b. Wat was Jesus se laaste woorde op aarde aan sy apostels, volgens die skrywer van Handelinge, en hoe betekenisvol was dít wat Hy gesê het?

   c. Wat is die boodskap van die twee mans in wit klere?

© 2016 Precept Ministries International

d. Hoe betekenisvol is bogenoemde boodskap, gesien in die lig van Jesus se wederkoms? In watter rigting het Jesus gegaan? Hoe is Jesus weggevoer toe hy uit die sig van die apostels verdwyn het? Hoe, en waarvandaan, sal Hy terugkeer? Wat leer jy omtrent Jesus se hemelvaart en sy wederkoms? Noem nét die feite – niks anders nie!

e. Vergelyk bogenoemde gedeelte met Lukas 21:27 en Markus 14:60-62. Beskou jy hierdie aanhalings as goeie kruisverwysings van Handelinge 1:9-11? Indien wel, waarom sê jy so?

f. Waar bevind Jesus Hom op hierdie oomblik, en waarmee is Hy besig? Slaan die volgende Skrifverwysings na en laat dit jou tot seën wees.

    1) Johannes 14:2-3

    2) Efésiërs 1:20-21

    3) Romeine 8:34


*© 2016 Precept Ministries International*

*Hierdie is 'n uitstekende manier om jou studie vir vandag af te sluit, nie waar nie? Waarom maak jy nie jou Bybel en werkboek toe om net vir 'n paar minute stil te raak nie? Oordink wat jy vandag geleer het . . . hoe dit op jou lewe toegepas kan word . . . en aanbid God, buig voor Hom neer en eer Hom met die eerbetoon wat sy Naam, en sy Woord, waardig is.*

## DAG VYF

1. Jesus vaar op na die hemel . . . die dissipels wag op die Gees wat deur die Vader beloof is . . . maar wat gebeur terwyl hulle nog op die Gees wag? Hoe betekenisvol is dít wat volgende gebeur? Betekenisvol genoeg om vyftien verse daaraan te wy! Lees Handelinge 1:12-26 in die Waarnemingswerkblaaie.

   Merk *gebed* en die sinonieme daarvan op 'n onderskeidende manier en voeg dit by die lys op jou bladwyser. Omdat gebed so 'n belangrike dissipline is, is dit altyd goed om alle verwysings daarna te merk terwyl jy jou Bybel lees. Verwys na die agter-omslag van jou boek vir 'n voorstel van hoe om *bid* te merk.

2. Toe jy die verwysings na die *apostels* in vers 12-14 gemerk het, het jy waarskynlik die voornaamwoord *hulle* ingesluit. Ons kyk vervolgens weer 'n keer wat ons uit hierdie verse omtrent *hulle* geleer het. Raadpleeg die lys oor *hulle* op die tabel aan die einde van die les.

   a. Van waar tot waar het die apostels gegaan?

   b. Wat is die afstand tussen hierdie twee plekke?

   c. In 'n poging om aan Exodus 16:29 gehoorsaam te wees, het die Jode besluit dat dit op die sabbat nie toelaatbaar was om verder as ongeveer 915 tot 1 000 meter te loop nie. Lees die vers in Exodus, waarin beveel word dat elkeen op die sewende dag, die sabbat, moet *bly waar hy is* (*yashab*) en nie van sy woonplek (*maqown*) af moet weggaan nie. Skryf hierdie Hebreeuse woorde, met hul definisies, in jou Bybel.

d. Kom ons speel 'n "Het jy gesien?"-speletjie: Het jy gesien dat die apostels se name verstrek word—en dat, volgens vers 14, geeneen van Jesus se broers deel van dié uitgelese groep vorm nie? Slaan die volgende verse na om vas te stel wat jy daaruit kan leer:

1) Kyk eerstens na Lukas 6:12-16

2) Lees dan Johannes 7:2-5

3) Lukas 8:19-21

4) Het jy gesien dat daar vroue in die bovertrek teenwoordig was? As jy Lukas saam met ons bestudeer het, sal jy weet dat die evangelie van Lukas sê dat baie vroue Jesus gevolg, en Hom en die dissipels bedien het—en dat Hy op sy beurt vroue bedien het. Wat leer dit jou omtrent Jesus se gesindheid teenoor vroue?


© 2016 Precept Ministries International

3. Aan die begin van vandeesweek se studie het jy die verwysings na *Petrus* gemerk en op die tabel aan die einde van die les gelys wat dié hoofstuk oor hom sê. Wat het jy uit hierdie laaste segment van Handelinge 1 omtrent Petrus geleer?

4. Het jy al ooit gewonder waarom Judas as dissipel vervang is?
   a. Wat leer die teks jou oor Judas? Lys die belangrikste feite.

   b. Om watter rede het Petrus die broeders gelei om Judas te vervang? Wat leer die teks jou?

*© 2016 Precept Ministries International*

c. Wat leer jy uit die teks omtrent die waarde van die Ou Testament, die Jode se "Bybel"?

d. Die getal twaalf was vir die Joodse volk van groot betekenis. Daar was byvoorbeeld twaalf stamme van Israel. Ons kan 'n hele aantal verwysings na die getal twaalf naslaan, maar twee is voorlopig voldoende. Wat kan ons daaruit leer?

1) Lukas 22:28-30

2) Openbaring 21:10-14

5. Hoe is Judas se plaasvervanger verkies, volgens Handelinge 1?

a. Aan watter vereistes moes die plaasvervanger voldoen?


© 2016 Precept Ministries International

b. Hoe is die keuse gemaak? Volg die proses noukeurig en lys die details, insluitende die name van diegene wat met die verkiesingsproses gemoeid was, hieronder.

c. Kom dit as goddeloos voor om die lot te werp? Lees Spreuke 16:33. Wat leer jy? Wie is hier betrokke? Wie beskik oor die lot?

6. Wat was die taak van Judas se opvolger, volgens vers 22? Was daar enige ander verwysings na getuie en opstanding in Handelinge 1? Indien wel, waarom merk jy nie elkeen van hulle op 'n herkenbare manier nie?

7. Nou kan jy lees wat die kommentare oor Handelinge 1 sê.

*Welgedaan! Dink na oor wat jy sélf geleer het – oor wat jy weet dat jy weet op grond van die noukeurige aandag wat jy gegee het aan die woorde van die Almagtige God – die Soewereine Heerser van die heelal.*

© 2016 Precept Ministries International

| Jesus | Die Apostels |
|---|---|
| | |

| Die Heilige Gees | Petrus |
|---|---|
| | |

# Bylae

# HANDELINGE 1
## Waarnemingswerkblad
### Hoofstuktema

DIE eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het
2 tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het;
3 aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het.
4 En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.
5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.
6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?
7 En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;
8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.
9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.
10 En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle,
11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel?

© 2016 Precept Ministries International

Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

12 Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word Olyfberg, wat naby Jerusalem is, 'n sabbatsreis ver.

13 En toe hulle daar kom, gaan hulle na die bo-vertrek waar hulle gewoond was om te vertoef, naamlik: Petrus en Jakobus en Johannes en Andréas, Filippus en Thomas, Bartholoméüs en Matthéüs, Jakobus, die seun van Alféüs, en Simon, die Yweraar, en Judas, die seun van Jakobus.

14 Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers.

15 En in dié dae het Petrus in die midde van die dissipels opgestaan—die skare van persone daar bymekaar was omtrent honderd en twintig—en gesê:

16 Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid aangaande Judas wat die leier was van die wat Jesus gevange geneem het;

17 want hy is saam met ons getal gereken en het die lot van hierdie bediening verkry.

18 Hy het dan 'n stuk grond gekoop met die loon van ongeregtigheid en het vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgestort;

19 en dit het bekend geword aan al die inwoners van Jerusalem, sodat daardie stuk grond in hulle eie taal Akeldáma genoem is, dit is Bloedgrond.

20 Want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: Laat sy woonplek woes word, en laat daar geen inwoner in wees nie! En: Laat 'n ander een sy opsienersamp neem.

21 Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in— en uitgegaan het,

22 van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem


© 2016 Precept Ministries International

is—van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding.
23 En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Bársabas, met die bynaam van Justus, en Matthías.
24 En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het
25 om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek.
26 Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthías geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.

© 2016 Precept Ministries International

# HANDELINGE OORSIGWERKBLAD

**Boektema** ______________________________________________

**Skrywer:**

**Datum:**


**Doel:**

**Sleutelwoorde:**

| Segmentverdelings | | | Hoofstuktemas |
|---|---|---|---|
| | | | 1 |
| | | | 2 |
| | | | 3 |
| | | | 4 |
| | | | 5 |
| | | | 6 |
| | | | 7 |
| | | | 8 |
| | | | 9 |
| | | | 10 |
| | | | 11 |
| | | | 12 |




© 2016 Precept Ministries International


JERUSALEM
Tuingraf
Vispoort
Bad van Betésda
Antonia Fort
Skaappoort
Bad van Israel
Salomo se Kolonnade
KAASMAKERSDAL
Tempel
Skone-poort
OLYFBERG
Die Hoofskedel (Gólgota - tradisionele ligging)
Getsémané
KIDRON VALLEI
Toringbad
Vreemdelinge-hof
Toring
Herodus se Paleis
Gihonspruit
Bostad
Kájafas se huis?
Onder-stad
KAASMAKERSDAL
Valleipoort
Bokamer
Waterpoort
Essenepoort
Bad van Silóam
Akeldáma
152,4 m
500 voet